Oktober 2013

Geagte NG KERK IN SA – Discovery Health-lid

DISCOVERY HEALTH MEDIESE SKEMA VERANDERINGE VIR 2014

Hierdie brief gee aan u besonderhede omtrent verskeie veranderinge wat deur Discovery Health vir 2014 aangekondig is. Discovery Health Mediese Skema sal aan u 'n brosjure stuur wat 'n opsomming van die 2014 voordele en tariewe bevat.

Dit is u geleentheid om u planopsie wat op 1 Januarie 2014 in werking sal tree, te verander. Om die korrekte planopsie te maak, moet u u behoeftes oorweeg en besluit of u die regte vlak dekking het vir 2014.

U is onder geen verpligting om 'n verandering aan te bring nie, maar indien u wel aanpassings aan u bestaande planopsie wil aanbring, moet u die nuwe planopsie-inligting **(Bylaag D)** teen 22 November 2013 aan ons terugbesorg.

Hierdie skrywe verskaf besonderhede oor die volgende belangrike sake:

	1. VERANDERINGE AAN U PLANOPSIE U kan tot en met **22 November 2013** veranderinge aan u plan aanbring		**7. VERANDERINGE AAN ANDER BYBETALINGS EN LIMIETE** Veranderinge aan bybetalingsbedrae en limiete
	2. BENODIG U HULP? Wie om te kontak vir inligting, advies en navrae		**8. VERANDERINGE AAN DAG TOT DAG VOORDELE** Veranderinge aan die Versekerde Netwerkvoordeel en nuwe verkose medisynelys (akute medisyne)
	3. STYGING IN BYDRAE Discovery Health het 'n gemiddelde styging van 8,9% vir 2014 aangekondig		**9. KEYCARE VOORDELE VERANDERINGE** Veranderinge aan inkomste bande en limiete
	4. VERANDERINGE AAN HOSPITALISASIE Veranderinge aan netwerke en aftrekbare bedrae		**10. REIS- EN ONTRUIMINGSVOORDEEL** Die Internasionale reisvoordeel bied dekking vir tot 90 dae. Lede geniet ook 'n Ontruimingsvoordeel in Afrika.
	5. DIE DEERNISVOORDEEL Die terminale sorgvoordeel is gewysig en limiete verhoog		**11. VERANDERINGE AAN VITALITY** Uitgebreide HealthyFoodvoordeel, reisvoordeel en nuwe hotelopteldienste, Livewell, slimfoon en fiksheidstoestelle
	**6. VERANDERINGE AAN CHRONIESE MEDISYNE** Voorgeskrewe veranderinge en nuwe voordele		**12. MEDIESE GAPINGS DEKKING VERSEKERINGS** Styging en voordeelveranderinge aan *AdmedGap/Admed Add+*

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

2014 1. VERANDERINGE AAN U PLAN

Hoe om veranderinge aan u plan aan te bring

Indien u van mediese plan verander, moet die plankeuse-vorm **(Bylaag D)** sorgvuldig en volledig ingevul en **voor 22 November 2013** aan die Sinodale Kantoor besorg word. Die plankeuse-vorms kan aan **Christine Lombard** na 021 957 7101 gefaks word. Neem asseblief kennis dat, indien u nie **die Sinodale Kantoor** voor die sperdatum van u planopsie in kennis stel, deur die aangehegte opsievorm **(Bylaag D**) te voltooi nie, u op u bestaande opsie sal bly tot begin 2015.

Die posadres is soos volg:

NG Kerk in SA (Medies)
Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

2. BYSTAND MET DIE KEUSE VAN U PLANOPSIE

Tree met **Discovery Health Mediese Skema** vir algemene planinligting in verbinding deur:

- Die webwerf, www.discovery.co.za, te besoek
- Gebruik te maak van die nasionale instapsentrums (Century City)
- Discovery tydskrif (Lente-uitgawe)
- **Saakgelastigde se Kantoor**

Navrae, m.b.t. die invul van die vorms, kan aan **Christine Lombard** gerig word by:

☎	(021) 957 7106
🖷	(021) 957 7101
E-pos:	medies@kaapkerk.co.za

Elektroniese Navrae
Indien u toegang tot die Internet het, kan u die webblad van Discovery Health (**http://www.discovery.co.za)** besoek vir inligting rakende die werking en voordele van die skema. U kan ook aansoek doen vir toegang tot u persoonlike inligting en die verwerking van u eise.

Alexander Forbes Health - u Gesondheidsorgkonsultant
Tree gerus met **Marie-Louise du Toit** by Alexander Forbes Health in verbinding indien u enige navrae rakende opsie voordele, eise, lidmaatskap of algemene administrasie het. U kan soos volg met haar in verbinding tree:

Mari-Louise du Toit **Alexander Forbes Health Stellenbosch**	
☎	(021) 809 3607
🖷	(021) 809 2892
E-pos:	dutoitmar@aforbes.co.za

Kliënt Navraag Sentrum **Alexander Forbes Health Stellenbosch**	
☎	(021) 809 3777
E-pos:	clientspecialist@aforbes.co.za

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

Discovery Health
☎ 0860 100 694
Eise: claims@discovery.co.za
Webwerf: www.discovery.co.za
E-pos: healthinfo@discovery.co.za

Admed / Guardrisk
☎ 0860102936
E-pos: Admed@guardrisk.co.za
Webwerf: www.admed.co.za

Weens slegs geringe voordeelwysigings van die Discovery Health Mediese Skema vir 2014, het die Mediese Sub-Komitee besluit dat geen lede-inligtingsessies in streeksverband sal plaasvind nie.

U word egter aangemoedig om met Christine Lombard, of met een van die Alexander Forbes Health konsultante, rakende mediesverwante advies in verbinding te tree.

Lidmaatskapkaarte

Indien u na 'n ander Discovery Health plankeuse oorskakel, sal u nie 'n ander lidmaatskapkaart ontvang nie, aangesien u plankeuse nie op die kaart gedruk word nie. U lidnommer sal ook nie in bogenoemde geval verander nie.

Slegs indien u besluit om by een van die KeyCare Planne aan te sluit, sal u 'n nuwe lidmaatskapkaart ontvang, maar u lidnommer sal nie verander nie.

Praktiese reëlings (belangrik)

Geen telefoniese veranderings sal aanvaar word nie. Maak asseblief seker dat u vorm ons bereik. Die lede is self verantwoordelik daarvoor dat die vorm ons voor die sperdatum bereik. Ons sal so gou moontlik per e-pos of per brief die nodige ontvangserkenning doen. Skakel gerus, indien u twyfel. Discovery Health gaan nie toegewings maak in gevalle waar lede nie betyds die plankeuse bevestig nie.

- Neem asseblief kennis dat die plankeusevorms **slegs gebruik moet word om 'n verandering van plankeuse aan te dui.** Die gewone Discovery aansoekvorms moet deur **nuwe lede** wat vir die eerste keer by die medies wil aansluit, ingevul word. Diegene **wat afhanklikes wil byvoeg,** moet die toepaslike vorms daarvoor gebruik. Vir die verwydering van afhanklike, rig skrywe per brief, faks of e-pos. Die vorms is by Christine Lombard beskikbaar.
- Indien u op 'n opsie is wat oor 'n mediese spaarrekening beskik en u beplan om gedurende die jaar 'n afhanklike se lidmaatskap te kanselleer, moet u daarop let dat Discovery Health 'n terugverhaling van u kan hef indien u op daardie stadium reeds te veel van u mediese spaarvoordele benut het.
- U skriba en kerkraad moet van enige veranderinge aan u plankeuse, met die oog op die aanpassing van die debietorder, in kennis gestel word. Dit geld ook vir veranderings gedurende die jaar soos wanneer u 'n afhanklike (bv. volwasse kind) se lidmaatskap wil kanselleer of 'n afhanklike (ouer of baba) wil byvoeg.

Die skriba moet dan onmiddellik vir Christine Lombard in kennis stel van sodanige wysiging.

Indien u 'n afhanklike se lidmaatskap wil kanselleer moet u ons een maand kennis gee. In sulke gevalle benodig ons die volle name en geboortedatum, asook datum van verandering.

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

3. BYDRAESTYGINGS VIR 2014

Die gemiddelde bydraestyging van 8,9%, weerspieël die huidige stand van sake in die bedryf en die Skema se goeie bedryfsposisie. Die styging is op alle planopsies van toepassing. As gevolg van die afronding van getalle bestaan daar wel enkele variasies. Verwys asseblief na **Bylaag A** vir die 2014 bydraes en die hoër drempelvlakke op die Prioriteit, Omvattende en Eksklusiewe planne.

4. VERANDERINGE AAN HOSPITALISASIE

Netwerke

Raadpleeg **Bylaag C** vir die lys van hospitale wat op die KeyCare reekse en Deltaplanopsies van toepassing is.

KeyCare Kern en KeyCare Plus lede moet na een van die gelyste KeyCare netwerkhospitale gaan vir beplande hospitaaltoelatings. Indien lede nie van hierdie hospitale gebruik maak vir beplande hospitaaltoelatings nie, sal daar van lede verwag word om die rekeninge te betaal. Dieselfde hospitaallys is op KeyCare Access lede van toepassing in geval van 'n lewensbedreigende toelating en gedefinieerde traumagebeurtenis, alleenlik. Die KeyCare Access Hospitaalnetwerklys is op KeyCare Access lede van toepassing, maar slegs vir geboorte van 'n kind en versorging van 'n pasgeborene. Ander goedgekeurde hospitaaltoelatings vir KeyCare Access lede word deur die Discovery netwerk van staatsgeriewe gedek.

Die **Delta Hospitaal Netwerk** is op alle beplande toelatings vir Deltaplanlede van toepassing. Die aftrekbares is nie in gevalle van lewensbedreigende toelatings van toepassing nie.

Aftrekbare bedrae

Prioriteit planlede moet kennis neem van die gedefinieerde aftrekbares vir in-hospitaalprosedures gedurende 2014 wat tussen R2 150 en R10 500 sal beloop. Verwys asseblief na **Bylaag B** vir meer besonderhede.

Delta planlede se aftrekbare bedrae is verhoog vanaf R 5 000 na R5 450; indien lede nie gebruik maak van die Delta Hospitaalnetwerk vir beplande prosedures nie.

Die 2014 aftrekbares vir in-hospitaal/ dagkliniek **tandheelkunde behandeling** is soos volg:

Kategorie van lede	In-hospitaal behandeling	Behandeling in dagkliniek
Lede jonger as 13 jaar	R1 550	R 750
Lede ouer as 13 jaar	R4 000	R2 600

5. DIE DEERNISVOORDEEL

Die Terminale Sorg Voordeel sal voortaan as Die Deernisvoordeel bekend staan. Die voordeel voorsien toegang tot uitgebreide huisgebaseerde holistiese sorg, insluitende dienste soos pynverligting, hidrasie, versorging en ondersteuningsorg. 'n Voordeel van R40 000 vir elke persoon in hulle leeftyd is op alle voordeelopsies van toepassing, behalwe vir die KeyCare planne waar 'n perk van R28 500 vir elke persoon in hulle leeftyd van toepassing is.

6. VOORDEEL VIR CHRONIESE SIEKTES (VCS)

Discovery se VCS medisynelys en Chroniese Medisynebedrae (CMB) vir 2014 is gebaseer op jaarlikse prysbewegings.

Vanaf volgende jaar, sal Deltaplanlede die mediese skema se medisyne afleweringsdiens (MedXpress) moet gebruik om hul chroniese medisyne te bekom. Indien Deltaplanlede nie van MedXpress gebruik maak nie, sal 'n bybetaling van 20% van toepassing wees.

Dit is tot alle lede se voordeel om van MedXpress se dienste gebruik te maak om sodoende bybetalings te beperk.

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

Befondsing	Deur MedXpress bestel	Nie deur MedXpress bestel nie
Op voorskrif	Volle dekking	20% bybetaling + Enige bykomende resepteringsfooie
Nie op voorskrif	Bybetaling bokant CMB	20% bybetaling + Enige bykomende resepteringsfooie + Bybetaling bokant CMB

Bogenoemde veranderinge sal vanaf 1 Januarie 2014 geïmplementeer word vir alle nuwe lede en met ingang 1 Julie 2014 vir bestaande lede.

Digitale bestuur van diabetes

Vanaf Januarie 2014 sal die Skema iFORA Diamant Mini Telemetriese Glukometer vir diabetiese lede wat op die Voordeel vir Chroniese Siektes geregistreer is (buiten KeyCareplanlede), via MedXpress of by Dischem apteke befonds. Hierdie toestel neem bloedglukoselesings (vervang huisdagboeke), insulienmedisynevlakke en maak aantekeninge van oefeninge en maaltye in reële tyd. Hierdie data integreer met HealthID en Living Vitality en dokters kan vanaf 'n afstand daartoe toegang verkry. Die iFora toepassing kan gratis vir iOS en Android toestelle afgelaai word (*word tans vir Blackberry toestelle ontwikkel*). Tydens 2014 is die aanbod vir een toestel per lid geldig.

7. VERANDERINGE AAN BYBETALINGS EN PERKE

- Bybetalings en aftrekbares sal in ooreenstemming met die algehele styging toeneem (verwys asseblief na die Discovery Health brosjure vir verskeie perke per plan);
- Waar van toepassing sal die bybetalings vir MRI/CT skanderings konstant teen R2 450 per skandering bly;
- Perke vir chirurgiese toestelle sal teen chirurgiese inflasie styg;

Perke vir **Onkologie** sal konstant bly:

Voordeelopsie	Onkologieperk
Eksklusiewe en Omvattende planne	R400 000 per lid vir goedgekeurde kankerbehandeling in 'n 12 maande siklus, 'n bybetaling van 20% is van toepassing nadat die perk bereik is
Prioriteit, Spaarder, Kernplanne	R200 000 per lid vir goedgekeurde kankerbehandeling in 'n 12 maande siklus, 'n bybetaling van 20% is van toepassing nadat die perk bereik is
KeyCare	Dekking na gelang van die Voorgeskrewe Minimum Voordele en kankerspesialiste binne die Discovery netwerk vir KeyCare lede

8. DAG TOT DAG VOORDELE

Mediese Spaarrekening (MSR), Versekerde Netwerkvoordeel (VNV) en Voordeel Bo Drempel (VBD)

Lede wat aan die Kernplanne behoort, het nie toegang tot dag tot dag voordele nie. Buiten die KeyCare Plus en KeyCare Access planopsies, wat gedefinieerde onbeperkte voordele deur netwerkverskaffers bied, bied alle ander opsies dag tot dag dekking deur die Mediese Spaarrekening, Versekerde Netwerkvoordeel en Voordeel Bo Drempel.

Mediese Spaarrekening (MSR)

- Dag tot dag uitgawes word aanvanklik vanuit die MSR betaal
- Alle ongebruikte fondse word oorgedra na die volgende jaar
- Die fondse in die MSR is vooraf aan lede en afhanklikes beskikbaar
- Die fondse in die MSR sal pro-rata bereken word indien die lid in die middel van die jaar aansluit
- Die aangewysde bedrag sal op die lid se plan en gesinsgrootte gebaseer word en die toegekende persentasie word op 'n persentasie van die totale bydrae gebaseer:
    - Klassiek – 25% van bydrae, buiten Klassiek Omvattend Zero MSR, wat geen MSR het nie
    - Essensieel – 15% van totale bydrae
    - Kus – 25% van totale bydrae

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

Versekerde Netwerkvoordeel (VNV)

- Dag tot dag uitgawes word vanaf die VNV betaal sodra die jaarlikse MSR toewysing uitgeput is
- Die voordele is alleenlik tot die beskikking van netwerkverskaffers
- Die 2014 VNV sal bestaan uit: AP Konsultasies, Patologie (bloedtoetse), Swangerskapvoordele, Akute Medisyne en Eksterne Mediese items

Versekerde Netwerk-voordeel	AP Konsultasies	Patologie	Swangerskapvoordele		Akute Medisyne	Eksterne Mediese items
Netwerke	Slegs DH AP Netwerk	Slegs by Dischem, Clicks en MediRite apteke	Ginekoloog en verloskunde binne die Discovery netwerk van verskaffers; Netwerk is alle Klassiek en Premier Ginekoloë en Verloskundiges		By Dischem, Clicks en MediRite, MedXpress en 'n netwerk van onafhanklike apteke	'n Netwerk van onafhanklike verskaffers
Beskrywing	Konsultasie-fooie	Bloedtoetse	Voorgeboorte konsultasies en 2D swangerskapskanderings, 2D skanderings sal in die VNV gedek word indien 'n lid reeds vir 2 skanderings vanuit hulle MSR geëis het		Geprys volgens voorkeur, generies en handelsnaam van medisyne (Skedule 3+); Akute medisynevoordele is herontwerp om aan lede voorkeurdekking vir medisyne buiten generiese of handelsnaamvernuwers se medisynestatus te bied	'n Gedefinieer lys van duursame eksterne mediese items onderhewig aan eksterne mediese items se subperk word ingesluit, byvoorbeeld • **Beweeglikheidshulp:** Rolstoele en lopers • **Asemhalingstoestelle:** VPLD masjiene, APLD masjiene, VPLD masjiene en draagbare suurstofkonsentrators • **Insulienpompe**
			Konsultasies	2D swangerskap skanderings		
Eksklusiewe	Onbeperk	Onbeperk	Onbeperk	2	Onbeperk	Onbeperk
Klassiek Omvattend						Onbeperk
Klassiek Delta Omvattend						Onbeperk
Klassiek Omvattende Zero MSR	Geen Voordeel	Geen Voordeel	Geen Voordeel	Geen Voordeel	Geen Voordeel	Geen Voordeel
Essensieel Omvattend	Onbeperk					Onbeperk
Essensieel Delta Omvattend						
Klassiek Prioriteit		Onbeperk	Onbeperk tot en met BDV	2		
Essensieel Prioriteit		Geen Voordeel	Geen Voordeel	Geen Voordeel		
Klassiek Spaarder	Enkel: 3 Gesin: 6		8	2		Geen Voordeel
Klassiek Delta Spaarder						
Essensieel Spaarder	Enkel: 2 Gesin: 4		Geen Voordeel	Geen Voordeel		
Essensieel Delta Spaarder						
Kussspaarder	Enkel: 3 Gesin: 6					

Voordeel Bo Drempel Voordeel (VBD)

Die Eksklusiewe, Omvattende en Prioriteitsplanne sluit 'n VBD in, wat verdere dag tot dag dekking bied nadat die eise tot en met die toepaslike jaarlikse drempelvlakke opgeloop het. Die VBD is onbeperk op die Eksklusiewe en Omvattende reekse terwyl daar 'n beperkte VBD op die Prioriteitsplan bestaan. Die Spaarderplanne bied nie 'n VBD nie. Verwys asseblief na **Bylaag A** vir die toepaslike drempelvlakke.

Verkose Medisynelys vir Akute Medikasie

Die 2013 medisynelys is aangepas om beide generiese en handelsnaam medisyne in te sluit. Die generiese medisyne wat van die lys verwyder is (28 items) het 'n generiese of handelsnaam ekwivalent op die nuwe lys. Daar is 22 handelsnaam items bygevoeg. Sekere handelsname sal dus vanaf 2014 gedek word waarvan die vernaamste soos volg is:

- Symbicord – nie-generiese ekwivalent;
- Logynon – 35% meer bekostigbaar as generiese ekwivalent

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

Discovery Health sal vir die voorkeurprys medisyne tot en met 100% van die Discovery Health tarief (DHT) vir medisyne vanuit die MSR betaal. Discovery Health sal vir die NIE-voorkeurprys medisyne tot en met 75% van die DHT vir medisyne vanuit die MSR betaal.

2013	Dag tot Dag		2014
Generiese Medisyne	100% ophoping	Dekking van VNV en VBD	Verkose Medisynelys
Nie-generiese medisyne	75% ophoping	Dekking van VBD	Medisyne nie op verkose medisynelys

Discovery Health sal tot en met 90% van die DHT op die Eksklusiewe plan betaal en akkumuleer.

Netcells Biosciences – Bank van stamselle

Vanaf 2014 sal alle lede geregtig wees op 'n vooraf afslag van soveel as 25% op die bank van naelstringbloed en weefsel van stamselle deur Netcells Biosciences.

9. KEYCARE PLANNE

- KeyCare inkomstekategorieë is verhoog teen 'n gemiddelde inflasionêre bedrag van 6,3%. Verwys asseblief na **Bylaag A** vir die nuwe inkomstekategorieë.
- Die Spesialis voordeelbedrag sal vanaf R2 550 na R2 750 per persoon verhoog;
- Die Ongevalle voordeel bybetaling (geriefsfooi) sal vanaf R205 na R225 per ongevalle besoek verhoog;
- Die KeyCare reeks se spesifieke uitsluitings is in **Bylaag B** gelys.

10. INTERNASIONALE REIS EN AFRIKA ONTRUIMINGSVOORDEEL

Die Internasionale reisvoordeel bied dekking vir mediese nood-uitgawes terwyl u in die buiteland reis. Dekking van tot R10 miljoen is beskikbaar as deel van die Eksklusiewe plan en R5 miljoen, met ander planne, vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae na u vertrek uit Suid-Afrika. Die lid moet die eerste $150 of €100 van die noodbehandeling in die spreekkamer betaal. Die voordeel is beskikbaar by alle planne buiten die KeyCare-planne. Let asseblief daarop dat enige gesondheidsuitgawes wat spruit uit 'n besoek aan 'n land waar oorlog gevoer word, uitgesluit word. Die lys van lande waar oorlog gevoer word, word gebaseer op reis-adviesdienste wat deur verskillende lande gelewer word en is beskikbaar by www.discovery.co.za.

Discovery Health bied toegang tot 'n Ontruimingsvoordeel in Afrika. Die voordeel is beskikbaar in noodgevalle om persone uit lande suid van die Sahara na Suid-Afrika te bring vir noodbehandeling. Die voordeel is beskikbaar by alle planne buiten die KeyCare-planne.

11. VERANDERINGE AAN VITALITY

HealthyFood Voordeel

- In 2014 sal **alle Vitalitylede** tot **HealthyFood van Woolworths en Pick n Pay**, ongeag hulle plankeuse; toegang hê;
- Wanneer die voordeel geaktiveer word, kan Vitality lede soveel as 10% kontant by Pick n Pay en Woolworths terugkry;
- Vitalitylede kan soveel as 15% kontant vanaf Pick n Pay of Woolworths terugkry, sodra hulle die aanlyn Vitality Gesondheidsoorsig voltooi het, om hulle Vitality-ouderdom te bepaal;
- Vitalitylede kan soveel as 25% kontant vanaf Pick n Pay of Woolworths terugkry, sodra hulle die "Vitality Check" by 'n verkose verskaffer voltooi het;
- Lede moet 'n verkose vennoot kies, met ander woorde, Pick n Pay of Woolworths vir die 25% kontant terugbetaling. Lede sal ook vir 10% kwalifiseer wanneer hulle by die ander vennoot aankopies doen;
- DiscoveryCard houers (kredietkaart) kwalifiseer vir 25% kontant terug by beide vennote;
- Lede hoef nie met hulle DiscoveryCard te betaal nie;

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

- HealthyFood kontantterug is van toepassing wanneer daar aanlyn vanaf Woolworths gekoop word; maar is nie van toepassing op aankope by Engen Woolworths winkels nie;
- Identifikasiemeganismes:
  - Pick n Pay: HealthyFood kaart of u DiscoveryCard
  - Woolworths: Woolworths Difference kaart of MySchool kaart (MySchool kaartlede moet eers na www.myschool.co.za gaan om toestemming vir die deel van hulle persoonlike besonderhede te gee).

Reisvoordele (Vlugte)

- Alle internasionale vlugte moet ten minste 6 weke vooraf bespreek word en lede mag vir 'n maksimum van 2 internasionale vlugte per persoon per jaar bespreek;
- Die volgende 8 **Quantas** bestemmings is bygevoeg: Auckland, Perth, Sydney, Adelaide, Brisbane, Christchurch, Melbourne en Wellington;
- 101 bykomende nuwe **Emirates** bestemmings is bygevoeg, onder andere Athene, Milaan, San Francisco, Rome, Toronto, Seattle en baie meer, terwyl die Maldives en Phuket vanaf die Emirates bestemmings vir 2014 weggelaat is;
- Maputo is as 'n nuwe bestemming van **British Airways** bygevoeg;
- Alle vlugte via Dubai wanneer daar met Emirates gereis word, via Sydney of Perth wanneer daar met Quantas gereis word en via Londen wanneer daar met British Airways gereis word;
- Alle kaartjies moet deur Kulula.com bespreek word, deur die kulula.com inbelsentrum of die Discovery lidaansoeke;
- Besprekingsfooi van R29 per lid per bespreking.

Hotelle

- 'n **Nuwe Vitality Hotelgroep** (Tsogo Sun, Protea Hotelle, Legacy Hotelle, Thorny Bush Wildsverblyf en andere) is bekendgestel, en sluit meer as 500 top hotelle, verblyfplekke, oorde en B&Bs in;
- Afslag op Hotelverblyf wissel vanaf 15% tot 35% en vanaf 30% tot 50% indien dit deur middel van die DiscoveryCard bespreek word;
- Verblyf moet deur kulula.com bespreek word;
- Besprekings hoef nie meer 'n Saterdagnag in te sluit nie;
- 'n Besprekingsfooi van R25 vir elke kamer sal van toepassing wees vir besprekings deur Vitality;
- Besprekings moet vir 'n minimum van twee nagte vooruit gemaak word;
- Besprekings moet ten minste 21 dae voor die aanmelddatum gemaak word; en
- Lede kan vir 'n maksimum van 14 nagte per jaar bespreek.

Live Well Program

Die Vitality Live Well Program vind in 'n 12 week siklus plaas en gee aan lede toegang tot individueel aangepaste raad, welstandspesialiste, ondersteuning en metodes.

Slimfoon en Fiksheidstoestelle

Fiksheidsessies kan op die Discovery Toepassing of 'n toestel wat internet toegang het, verkry word. Lede sal 50 bonuspunte vir die gebruik van een van die Fiksheidstoestelle ontvang.

12. MEDIESE GAPINGSDEKKING VERSEKERING

Guardrisk Versekeringsmaatskappy sal op 31 Desember 2013 die AdmedGapproduk staak. Die nuwe produk met beter voordele, sal waarde toevoeg vir lede. Lede sal op 1 Januarie 2014 outomaties na die **AdmedAdd+ produk** oorgeplaas word.

Admed is 'n produk wat spesifiek ontwerp is vir die voorsiening van dekking vir die tekortdekking of gaping, in die geval van hospitalisasie waartydens chirurgie of mediese behandeling ter sprake is, sowel as vir bepaalde prosedure wat op 'n buitepasiëntbasis uitgevoer is.

Die bydrae van die genoemde polisooreenkoms sal effektief, 1 Januarie 2014 vanaf R81 (2013) na R87 per gesin per maand styg.

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

Produk	Premie	Beskrywing	Bykomende Voordele
AdmedAdd +	R 87 per gesin per maand	Die tekortdekking of gaping word as 'n bedrag gedefinieer, waar die werklike koste wat die mediese praktisyn vra, die mediese skema se betaling oorskry, onderhewig aan 'n maksimum perk van 5 maal (2013: 4 maal) die Admed tarief.	Persoonlike Ongeluksdekking, Paddekking 'n Eenmalige bedrag van R10 000 wanneer gediagnoseer met **Bors- of Prostaatkanke**r. 'n Voordeel van R20 000 vir bybetalings en aftrekkings. Sluit bybetalings van MRI/CT/PET skanderings buite-hospitaal in. Bybetaling in terme van onkologie tot 'n maksimum van R250 000 per afhanklike per jaar wanneer limiet bereik word.

- Die oorkoepelende jaarlikse perk is vanaf R200 000 per begunstigde per jaar verhoog (onderhewig aan 'n oorkoepelende perk van R2 miljoen per gesin per jaar) na R250 000 per begunstigde per jaar (onderhewig aan 'n oorkoepelende perk van R2,5 miljoen per gesin per jaar);
- Die Persoonlike Ongeluksdekking wat alleenlik aan die hooflid beskikbaar was is nou uitgebrei na al die versekerde persone onder Admed.

Besonderhede omtrent die voordele en algemene uitsluitings kan vanaf Alexander Forbes Health of die Admed webwerf by www.admed.co.za verkry word.

Die volgende bylaes word aangeheg:

Bylaag A : 2014 Totale maandelikse bydraes

Bylaag B : Prioriteitsreeks (Aftrekbare bedrae) en Keycare uitsluitings

Bylaag C : Discovery Health - Hospitaalnetwerke

Bylaag D : Discovery Health – Planveranderingsvorm

Vriendelike groete

Kenny Raats

Kenny Raats
BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE

Hierdie is slegs 'n opsomming van die voordele en wysigings en vervang nie die reëls van die skema nie. Die Sinodale Kantoor aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige foute of weglatings nie. Alle voordele word pro-rata aangepas vir nuwe lede wat gedurende die jaar toetree.

BYLAAG A
2014 TOTALE MAANDELIKSE BYDRAES

Reeks	Plan	Hooflid	Volwasse Afhanklike	Kinder afhanklike
Eksklusiewe	Eksklusiewe	R4 100	R4 100	R778
Omvattende	Klassiek Omvattende	R3 362	R3 180	R670
	Klassiek Delta Omvattende	R3 028	R2 864	R602
	Klassiek Omvattende Zero MSR	R2 522	R2 385	R503
	Essensieel Omvattende	R2 825	R2 670	R568
	Essensieel Delta Omvattende	R2 544	R2 403	R509
Prioriteit	Klassiek Prioriteit	R2 254	R1 774	R902
	Essensieel Prioriteit	R1 937	R1 522	R774
Spaarder	Klassiek Spaarder	R1 976	R1 556	R790
	Klassiek Delta Spaarder	R1 578	R1 244	R633
	Essensieel Spaarder	R1 570	R1 175	R628
	Essensieel Delta Spaarder	R1 254	R942	R502
	Kus Spaarder	R1 556	R1 166	R625
Kern	Klassiek Kern	R1 471	R1 157	R587
	Klassiek Delta Kern	R1 177	R925	R471
	Essensieel Kern	R1 263	R947	R506
	Essensieel Delta Kern	R1 010	R757	R405
	Kus Kern	R1 087	R815	R434
KeyCare	KeyCare Plus (R8 801+)	R1 448	R1 448	R388
	KeyCare Plus (R6 651 to R8 800)	R973	R973	R272
	KeyCare Plus (R0 to R6 650)	R695	R695	R251
	KeyCare Access (R8 801+)	R1 416	R1 416	R381
	KeyCare Access (R6 651 to R8 800)	R942	R942	R267
	KeyCare Access (R4 151 to R6 650)	R653	R653	R235
	KeyCare Access (R0 to R4 150)	R490	R490	R212
	KeyCare Kern (R8 801+)	R1 070	R1 070	R241
	KeyCare Kern (R6 651 to R8 800)	R693	R693	R171
	KeyCare Kern (R0 to R6 650)	R556	R556	R143

**Bydraes word tot 'n maksimum van 3 kinders gehef; Afhanklike 21-jaar + word as volwasse afhanklikes beskou.*

2014 Mediese Spaarrekening (*ingesluit in die bogenoemde maandelikse bydrae, waar van toepassing)*

Reeks	Plan	Hooflid		Volwasse Afhanklike		Kinderafhanklike	
		Jaarliks	Maandeliks	Jaarliks	Maandeliks	Jaarliks	Maandeliks
Eksklusief	Eksklusief	R12 300	R1 025	R12 300	R1 025	R2 328	R194
Omvattende	Klassiek	R10 080	R840	R9 540	R795	R2 004	R167
	Klassiek Delta	R9 084	R757	R8 592	R716	R1 800	R150
	Essensieel	R5 076	R423	R4 800	R400	R1 020	R85
	Essensieel	R4 572	R381	R4 320	R360	R912	R76
Prioriteit	Klassiek	R6 756	R563	R5 316	R443	R2 700	R225
	Essensieel	R3 480	R290	R2 736	R228	R1 392	R116
Spaarder	Klassiek	R5 928	R494	R4 668	R389	R2 364	R197
	Klassiek Delta	R4 728	R394	R3 732	R311	R1 896	R158
	Essensieel	R2 820	R235	R2 112	R176	R1 128	R94
	Essensieel	R2 256	R188	R1 692	R141	R900	R75
	Kus	R4 668	R389	R3 492	R291	R1 872	R156

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

BYLAAG A
2014 JAARLIKSE DREMPELVLAKKE

Eksklusiewe en Omvattende planne

	Eksklusiewe plan	Omvattende Planne
Hooflid	R12 300	R11 350
Per volwasse afhanklike	R12 300	R11 350
Per kinder afhanklike*	R2 300	R2 150

** 'n Maksimum van drie kinders word bereken vir die berekening van die Jaarlikse Drempelvlak*

Prioriteitsplanne

	Jaarlikse Drempelvlak	Voordeel Bo Drempellimiet
Hooflid	R9 990	R8 500
Per volwasse afhanklike	R7 510	R6 050
Per kinder afhanklike*	R3 270	R2 920

** 'n Maksimum van drie kinders word bereken vir die berekening van die Jaarlikse Drempelvlak en Voordeel Bo Drempelvoordeel*

2014 VITALITY & KEYFIT BYDRAES

	Enkellid	Lid met een afhanklike	Lid met twee of meer afhanklikes
Vitality	R169	R199	R225
KeyFIT	R36	R44	R55
Vitality & KeyFIT	R179	R215	R249

LAATAANSLUITINGSBOETES

Hierdie bydraes is die standaard Discovery Health-tariewe, en neem nie enige boetes vir laat aansluiting wat op 'n aansoeker, die volwasse afhanklike, of 'n aansoeker ouer as 35 jaar, van toepassing mag wees in ag nie. Afhangende van die aantal jare wat hulle nie aan 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse mediese skema behoort het nie, mag 'n addisionele boete ('n persentasie van die bydrae) by die lid se maandelikse bydrae gevoeg word, soos uiteengesit in die tabel hieronder:

Boetegroepe	Maksimum boete
1 – 4 jaar	0,05 X bydraes
5 – 14 jaar	0,25 X bydraes
15 – 24 jaar	0,5 X bydraes
25+ jaar	0,75 X bydraes

Die boete vir laat aansluiting word soos volg bereken: A = B minus (35 + C)

Waar:
A = die aantal jare in die eerste kolom;
B = die ouderdom van die aansoeker ten tyde van die aansoek; en
C = die aantal jare van geloofwaardige dekking.

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

BYLAAG B
PRIORITEITSREEKS (AFTREKBARE BEDRAE) EN KEYCARE UITSLUITINGS

Prioriteitsreeks aftrekbare bedrae

Lede moet die hospitaal vooruit 'n bedrag betaal wanneer hulle vir een van die volgende prosedures opgeneem word:

AFTREKBARE BEDRAG	PROSEDURES
R 2 150	Konserwatiewe rug- en nekbehandeling Myringotomie (pypies in die ore) Tonsillektomie Adenoidektomie
R 2 850	Kolonoskopie Sigmoidoskopie Proktoskopie Gastroskopie Sistoskopie
R 5 150	Arthroskopie Funksionele nasale prosedures Histerektomie (behalwe vir pre-operatiewe gediagnoseerde kanker) Laparoskopie Histeroskopie Endometriale ablasie
R10 500	Nissan fundoplikasie (reflux chirurgie) Spinale chirurie (rug- en nek) Gewrigvervangings

Indien die prosedure buite die hospitaal gedoen kan word, bv. in die dokter se spreekkamer, en die lid nie hospitaal toe gaan nie, sal hy/sy nie 'n aftrekbare bedrag hoef te betaal nie. Dit is raadsaam dat lede Discovery Health direk kontak by 0860 100 694 vóór die prosedure om hul voordele te bevestig.

KeyCare reeks uitsluitings

Buiten die algemene uitsluitings wat op alle planne van toepassing is, dek die KeyCare-planne nie die volgende nie, behalwe as die Voorgeskrewe Minimum Voordele dit vereis:

1. Hospitaalopnames wat verband hou met:
   - Tandheelkunde
   - Naeltoestande
   - Funksionele neuschirurgie
   - Veltoestande
   - Ondersoeke en diagnose
   - Keisersnee wat u self kies en wat nie medies noodsaaklik is nie
   - Chirurgie vir slukdermrefluks en hiatusbreuk
   - Behandeling of chirurgie van nek of rug
   - Gewrigsvervangings, insluitend heupe, knieë, skouers en elmboë, hoewel dit nie daartoe beperk is nie
   - Kogleêre inplantings, gehoorinplantings in die brein en interne senuweestimuleerders - Dit sluit prosedures, toestelle en verwerkers in
   - Gesondheidsorgdienste waarvoor u nie in die hospitaal opgeneem moet word nie en waarvoor opname in die hospitaal nie nodig is nie
2. Verwydering van knokkels ("bunions")
3. Artroskopie
4. Verwydering van spatare
5. Refraktiewe oogchirurgie
6. Nie-kankeragtige borstoestande
7. Gesondheidsorgdienste buite Suid-Afrika

Discovery Health betaal ook nie vir die koste van die behandeling van komplikasies nie, en ook nie vir die direkte of indirekte uitgawes wat verband hou met hierdie toestande of behandelings wat uitgesluit is nie.

BYLAAG C
DISCOVERY HEALTH HOSPITAALNETWERKE

AREA	HOSPITALE	DELTA	KEYCARE	
			Kern / Plus*	Access**
OOSKAAP				
East Londen	Life Beacon Bay Hospitaal		✓	
East Londen	Life St James Operating theatres		✓	
East Londen	Life East London Privaathospitaal		✓	
East Londen	Life St Dominic's Privaathospitaal		✓	
Humansdorp	Life Isivivana Privaathospitaal		✓	
Kokstad	NetCare Kokstad Hospitaal			✓
Port Elizabeth	Life New Mercantile Hospitaal	✓	✓	✓
Queenstown	Life Queenstown Privaathospitaal		✓	
Uitenhage	Netcare Cuyler kliniek		✓	
Uitenhage	Netcare Uitenhage Hospitaal			✓
Umtata	Life St Mary's Privaathospitaal		✓	✓
VRYSTAAT				
Bethlehem	Hoogland Medi Clinic		✓	
Bloemfontein	Bloemfontein Oogsentrum		✓	
Bloemfontein	Netcare Pelonomi Privaathospitaal		✓	✓
Bloemfontein	Life Rosepark Hospitaal	✓	✓	
Bloemfontein	Life Pasteur Hospitaal		✓	
Bloemfontein	Netcare Universitas Privaathospitaal	✓	✓	
Welkom	Ernest Oppenheimer Hospitaal		✓	
Welkom	Welkom Medi Clinic		✓	
Welkom	St Helena Hospitaal		✓	
GAUTENG				
Alberton	ClintonHospital	✓		✓
Bedfordview	Life Bedford Gardens Hospitaal	✓		
Benoni	Life The Glynwood Hospitaal		✓	
Boksburg	Botshelong Empilweni-kliniek (Clinix Vosloorus)		✓	
Boksburg	Sunshine Centre		✓	
Brakpan	Life Dalview Kliniek		✓	
Fourways	Life Fourways Hospitaal	✓		
Germiston	Life Roseacres Kliniek	✓	✓	
Heidelberg	Life Suikerbosrand Kliniek	✓	✓	
Johannesburg	Netcare Rand Kliniek		✓	✓
Johannesburg	Morningside Medi Clinic	✓		
Johannesburg	Johannesburg oogkliniek		✓	
Johannesburg	The Donald Gordon Mediese sentrum	✓		
Johannesburg	Netcare Garden City Kliniek		✓	
Johannesburg	Life Brenthurst Kliniek	✓	✓	
Kemptonpark	Arwyp Mediese sentrum	✓	✓	
Krugersdorp	Netcare Krugersdorp Hospitaal			✓
Lakefield	Netcare Optiklin ooghospitaal		✓	
Lenasia	Lenmed Kliniek	✓	✓	
Midrand	Life Carstenhof Kliniek	✓	✓	
Pretoria	Netcare Bougainville Privaathospitaal	✓	✓	
Pretoria	Centurion ooghospitaal		✓	
Pretoria	Netcare Femina Hospitaal	✓		✓
Pretoria	Life Little Company of Mary	✓		
Pretoria	Life Eugene Marais Hospitaal		✓	
Pretoria	Netcare Jacaranda Hospitaal		✓	
Pretoria	Legae MediClinic	✓	✓	✓
Pretoria	Louis Pasteur Hospitaal	✓	✓	✓
Pretoria	Medforum MediClinic		✓	

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

AREA	HOSPITALE	DELTA	KEYCARE	
			Kern / Plus	Access
GAUTENG VOORT.				
Pretoria	Muelmed Hospitaal		✓	
Pretoria	Pretoria-ooginstituut		✓	
Pretoria	Zuid-Afrikaans Hospitaal		✓	
Randfontein	Life Robinson Privaathospitaal	✓	✓	
Randfontein	Sir Albert Mediese sentrum		✓	
Roodepoort	Life Wilgeheuwel Hospitaal	✓		
Sasolburg	Netcare Vaalpark Hospitaal		✓	✓
Soweto	Clinix Privaathospitaal - Tshepo Themba		✓	
Soweto	Clinix Privaathospitaal - Lesedi	✓	✓	✓
Springs	Life Springs Parkland Kliniek		✓	
Springs	Life St Mary's Women's Kliniek		✓	
Springs	Netcare N17 Hospitaal			✓
Thembisa	Zamokuhle Privaathospitaal		✓	✓
Vanderbijlpark	Emfuleni MediClinic	✓	✓	
Vanderbijlpark	Ocumed		✓	
Vereeniging	Clinix Privaathospitaal - Sebokeng	✓	✓	
Vereeniging	Midvaal Privaathospitaal	✓	✓	
Westgate	Medgate Daykliniek		✓	
KWAZULU-NATAL				
Amanzimtoti	Netcare Kingsway Hospitaal		✓	✓
Chatsworth	Life Chatsmed Garden Hospitaal	✓	✓	
Durban	Life City Hospitaal		✓	
Durban	Life Entabeni Hospitaal	✓	✓	
Durban	Ethekwini Hospitaal	✓		
Durban	McCord Hospitaal		✓	✓
Empangeni	Life Empangeni Garden Kliniek		✓	
Isipingo	Life Isipingo Kliniek		✓	
Kokstad	Kokstad Privaathospitaal		✓	
Ladysmith	La Verna Hospitaal		✓	✓
Newcastle	Newcastle Privaathospitaal		✓	
Phoenix	Life Mount Edgecombe Hospitaal		✓	
Pietermaritzburg	Midlands Mediese sentrum	✓	✓	
Pietermaritzburg	Netcare St Anne's		✓	✓
Pinetown	Life Crompton Hospitaal		✓	
Port Shepstone	Hibiscus Hospitaal		✓	
Richardsbaai	Netcare The Bay Hospitaal		✓	✓
Sydenham	Nu Shifa Hospitaal		✓	
Tongaat	Victoria Privaathospitaal		✓	✓
Westville	Life Westville Hospitaal	✓		
LESOTHO				
Lesotho	Willie's Hospitaal		✓	
LIMPOPO				
Bela Bela	St Vincent's Hospitaal		✓	
Phalaborwa	Clinix Phalaborwa Privaathospitaal		✓	✓
Polokwane	Limpopo MediClinic		✓	✓
Thabazimbi	Thabazimbi MediClinic		✓	
Tzaneen	Tzaneen MediClinic		✓	✓
MPUMALANGA				
Barberton	Barberton MediClinic		✓	
Emalahleni/Witbank	Life Cosmos Hospitaal		✓	
Emalahleni/Witbank	Emalahleni Daghospitaal		✓	
Ermelo	Ermelo Privaathospitaal		✓	
Middelburg	Life Middelburg Privaathospitaal		✓	
Nelspruit	Nelspruit MediClinic		✓	✓
Trichardt	Hoogveld MediClinic		✓	

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

AREA	HOSPITALE	DELTA	KEYCARE	
			Kern / Plus	Access
NOORDWES				
Carletonville	Leslie Williams Privaathospitaal		✓	
Carletonville	Western Deep Kliniek		✓	
Klerksdorp	Life Anncron Kliniek		✓	
Mafikeng	Victoria Privaathospitaal		✓	
Orkney	West Vaal Kliniek		✓	
Potchefstroom	Potchefstroom MediClinic		✓	
Rustenburg	Life Peglerae Hospitaal		✓	
Rustenburg	Netcare Ferncrest			✓
NOORDKAAP				
Kathu	Kathu MediClinic		✓	
Kimberley	Kimberley MediClinic		✓	✓
Upington	Upington Privaathospitaal		✓	
Vryburg	Vryburg Privaathospitaal		✓	
WESKAAP				
Bellville	Bellville Mediese sentrum		✓	
Bellville	Louis Leipoldt MediClinic		✓	
Kaapstad	Netcare Christiaan Barnard Gedenkhospitaal		✓	
Kaapstad	Netcare UCT Mediese sentrum		✓	
Kaapstad	Kaapstad MediClinic	✓		
Claremont	Life Claremont Hospitaal	✓		
Claremont	Life Kingsbury Hospitaal	✓		
Ceres	Ceres Privaathospitaal		✓	
Gatesville	Gatesville Mediese sentrum		✓	✓
George	Geneva Kliniek		✓	
George	George MediClinic		✓	
Hermanus	Hermanus MediClinic		✓	
Kuilsrivier	Netcare Kuilsrivier Privaathospitaal		✓	✓
Milnerton	Milnerton MediClinic		✓	✓
Mitchells Plain	Mitchells Plain Mediese sentrum	✓	✓	✓
Mosselbaai	Bayview Hospitaal		✓	
Oudtshoorn	Kango Dagkliniek		✓	
Oudtshoorn	Klein Karoo MediClinic		✓	
Paarl	Paarl MediClinic		✓	✓
Parow	Panorama MediClinic	✓		
Somerset Wes	Vergelegen MediClinic	✓		
Weskus	Life Weskusprivaathospitaal		✓	
Worcester	Worcester MediClinic		✓	

* Die lys is van toepassing op die KeyCare Kern en Plus planne. Die lys is ook van toepassing op die KeyCare Access plan, maar slegs vir lewensgevaarlikse en gedefineerde trauma gevalle.

** Die lys is van toepassing op die KeyCare Access plan, alleenlik vir kindergeboorte en versorging van die pasgeborene

Hierdie lys mag van tyd tot tyd aangepas word; besoek gerus vir www.discovery.co.za vir die nuutste lys van hospitale in die netwerk. Die lys sluit ook nie enige van die dagklinieke in waar lede behandeling kan ontvang, sonder die betaling van 'n voorafbedrag nie.

Alexander Forbes Health (Pty) Ltd Reg No: 2007/01544707
An authorised financial services provider FAIS FSP No: 33471 CMS No: ORG 3064

BYLAAG D

NG KERK IN SA
2014 DISCOVERY HEALTH PLANVERANDERINGSVORM

Afdeling 1: Lidbesonderhede			
Voorletter(s)		**Mediese-skemalidnommer**	
Van		**Bestaande plan**	

Afdeling 2: Plankeuse	
Ek wil my plankeuse vir 2014 soos volg verander (Merk ✓by die betrokke boksie)	
Plankeuse	Merk✓
Eksklusief	
Klassiek Omvattend	
Klassiek Delta Omvattend **	
Klassiek Omvattend Zero MSR	
Essensieel Omvattend	
Essensieel Delta Omvattend **	
Klassiek Prioriteit	
Essensieel Prioriteit	
Klassiek Spaarder	
Klassiek Delta Spaarder **	
Essensieel Spaarder	

Plankeuse	Merk✓
Essensieel Delta Spaarder **	
Kus Spaarder *	
Klassiek Kern	
Klassiek Delta Kern **	
Essensieel Kern	
Essensieel Delta Kern **	
Kus Kern*	
Keycare Plus ***	
Keycare Access ***	
Keycare Kern***	

* Alleenlik vir lede wat in kusprovinsies bly
**Die Delta planne maak van die Delta netwerk van hospitale gebruik
*** Die KeyCare planne maak van die Delta netwerk van hospitale gebruik

Afdeling 3: Alleenlik vir ***KEYCARE PLUS/ACCESS aansoekers		
Dui die diensverskafferbesonderhede hieronder aan (diensverskafferlys beskikbaar van www.discovery.co.za of 0860 100 694).		
Afhanklike	**Naam van dokter**	**Praktyknommer**

Afdeling 4: Vitality Afdelings			
Ek wil my Vitality en/of KeyFIT opsie vir 2014 soso volg wysig (Merk ✓ waar van toepassing)			
	Sluit aan by Vitality		Kanselleer Vitality
	Sluit aan by KeyFIT		Kanselleer KeyFIT
	Sluit aan by Vitality en KeyFIT		Kanselleer Vitality en KeyFIT

Afdeling 5: Verklaring	
Ek verklaar hiermee dat Discovery Health en/of Alexander Forbers Health volledige produkinligting aan my beskikbaar gestel het wat my in staat gestel het om 'n ingeligde besluit te maak ten opsigte van die keuse/verandering van my planopsie. Ek verklaar ook dat, sou ek advies of hulp benodig, ek volle toegang tot my Alexander Forbes Health-konsultant sal hê. Ingevolge die bepalings van die Reëls van die Mediese Skema, doen ek hiermee aansoek om my mediese skema-planopsie te verander soos hierbo aangedui. Ek verstaan die reëls, voordele en finansiële implikasies van hierdie planopsiekeuse.	
Handtekening	**Datum**

Hierdie vorm moet voltooi en terugbesorg word aan CHRISTINE LOMBARD TEEN 22 NOVEMBER 2013.
Faks (021) 957 7101